Skriflesing: Jesaja 6
Heidelbergse Kategismus: **Sondag 47**
Sing: Ps 147:1; Ps 148:1; Ps 86:6

Wanneer die profeet Jesaja deur die Here geroep word, broeder en suster, dan is dit in geheel 'n openbaring van wat die eerste bede van die volmaakte gebed is. Jesaja sien die Here op 'n hoë en verhewe troon sit en die soom van God se koninklike kleed vul die hele ruimte van die tempel. Rondom hierdie heerlikheid is daar die engele wat vir ons in besonder wys wat dit insluit dat God geheilig moet word. Elk van die engele roep dit ook uit- *Heilig, heilig, heilig is die Here van die leërskare…die hele aarde is vol van God se heerlikheid.* Jesaja hoor nie net God se heiligheid in hulle stemme en woorde nie, maar ook in hulle voorkoms. Elk van die engele het ses vlerke gehad. Die eerste paar vlerke het hulle gebruik om hulle eie gesigte te bedek, met die tweede paar vlerke het hulle, hul voete toegemaak, en die laaste paar vlerke was gebruik om te vlieg.

Hierdie engele, die liturgiese geeste van God, elk van hulle, is self so bewus, van die heiligheid en majesteit van God. Jesaja hoor hulle, hy sien dit alles, en wat dit aan Jesaja doen is waar ons dit nie anders kan doen nie. Hy besef hoe min hy hierdie heiligheid van God na behore kan absorbeer. Al wat uit Jesaja se mond kon kom na die engele se wonderlike woorde- *Wee my, ek is verlore! Want ek is 'n man onrein van lippe en woon onder 'n volk wat onrein van lippe is, want my oë het die Koning, die HERE van die leërskare gesien!*

Hy wat drie maal God se heiligheid moes hoor, God se toorn is heilig, sy liefde is heilig, sy trou is heilig. Hierdie Heilige, met Wie ons niemand op aarde of in die hemel mee kan vergelyk nie, ons gedagtes is in alle opsigte te klein om werklik God se heiligheid op enige manier te omvat, tog wil hierdie heilige God, Hy wil geken word, broeder en suster! Dit is waaroor dit heel aan die begin van die gebed om gaan, dat God wil hê dat ons sy heilige Naam moet *ken.* Ons moet God werklik goed ken. Hy wil dat ons Hom moet herken; dit doen ons deur Wie Hy vir ons in sy Woord is. Die herkenning van God in sy Woord is waar dit alles by begin. Maar ons herken God nie net in sy Woord nie, ons moet Hom ook in die lewe van elke dag erken. Erken Hom in die geskiedenis van ons land en volk, erken Hom in die Grondwet, erken Hom in die werksplek, erken Hom

daar waar jy vanaand gaan slaap en môre weer jou oë mag oopmaak as Hy die nuwe dag wakker maak. Weer in Jesaja dan lees ons die hoof klag van die Here teen sy volk is hierdie enkele tragedie dat my kinders ken My nie meer nie. *'n Os ken sy besitter en 'n esel die krip van sy eienaar, maar Israel het geen kennis nie, my volk verstaan nie* (Jes.1:3).

***

God wou vir Jesaja dit moontlik maak om Hom te ken, Hom werklik te herken om dan ook by die erkenning van God uit te kom. As Jesaja meen dat hy is so onrein, sy mond kan nie woorde vorm wat in beginsel hierdie gebed vandag mag bid nie, dan word hy in God se gevulde heerlikheid, waar vuur in rook en vlam dit vul, dan word uit daardie dieselfde vuur, uit God se heerlikheid word 'n kool vuur uitgehaal en op die mens geplaas. Die engel vlieg na Jesaja toe met 'n gloeiende kool wat hy sopas van die altaar afgehaal het, hy hou dit met 'n tang vas, en dan druk hy daardie warm kool op Jesaja se mond.

Jesaja is nou toegerus in wat die Kategismus ons dan ook in wil voorgaan, wat dit werklik alles insluit om te mag bid- *Laat U Naam geheilig word…*ons lippe wat só iets mag sê! Israel het nie meer geweet met Wie het hulle werklik te doen nie. Daar was geen kennis nie, en hoe sal ons God kan heilig as ons Hom nie ken nie. Dit bly so lewend aktueel dit wat ons hier van die Here vra. Mag ek U waarlik ken? Die Kategismus gebruik die woorde treffend- **Gee allereers dat ons U reg ken…** Die woordjie ***GEE*** staan nie maar net eenmaal nie.

***

In hierdie bede van – *Laat U Naam geheilig word…* is daar ten minste drie plekke wat die GEE vooraf staan. **Gee dat ons U reg mag ken**, m.a.w. gee dat ons die waarheid mag ken, maar **gee ook dat ons U mag heilig** in al U werke, en dan nog 'n derde maal- **Gee dat ons. ons lewens so mag inrig** dat ons hele lewe daarop ingestel mag wees om U te loof en te prys, m.a.w. dat die Here mag gee dat ons Hom sal eer!

***

In dit wat ons vra dat die Here dit alles mag gee, dan erken ons hoe moeilik dit vir ons is om werklik hierby uit te kom. Ons erken dat dit eintlik by die dag vir ons al hoe

moeiliker word om God se Naam te heilig. Ja, die Woord van die Here openbaar aan ons hoe dit al hoe moeiliker sal word. In die boek Openbaring dan sien ons die volle breedte en diepte van hoe stelselmatige aardse verval die heiliging van God se Naam gaan raak. Dit gebeur by wyse van die breek van die sewe seëls. Elk van hierdie seëls soos hulle oopbreek is eintlik ’n hele breuk spul wat daarmee saamgaan. Die eerste wat Johannes gesien het was verskillende ruiters op verskillende perde.

Die onmiddellike wat ons hier moet besef dat God Self heilig sy Naam, want nog vóór daar enige perd in ons lewens kan inhardloop, is daar die wit perd en sy Ruiter is Christus. Dit begin by God, Hy wat die Christus is. Dit is waar dit alles by moet begin. By God, by sy Naam, by wat sy volle wese is. Ons sal in die gebed dan ook besef, presies is dit hoe alles inmekaar steek en hoe hierdie volmaakte gebed opgebou is. Die Onse Vader wil nêrens anders begin as om by God Self, hierdie Ruiter eerste te stel nie. Dit gaan in die eerste drie bede heeltyd om net hierdie Een wat moet voorgaan, nl. God. *Laat U Naam geheilig word… laat U koninkryk kom… laat U wil geskied…*Dit staan ook in die regte volgorde, God se Naam, God se Ryk, God se wil, want die sake so eie aan God moet al meer en meer ook ons saak gemaak word.

***

Waar dit alles by moet begin is by God wat geheilig moet word, want hoe anders, sy koninkryk wil alleen in lewens inkom waar sy Naam reeds geheilig staan. Ek kan tog ook nie bid om die koms van sy Koninkryk, maar ek het nie by die Koning Self wou begin nie?! Nou weet ons daar waar sy Naam geheilig word, daar kom sy Koninkryk alreeds, daar waar sy Koninkryk al sterker lewens deurbreek, daar sal ook sy wil geskied. Waar die Vader se Naam geheilig word, en waar sy Ryk kom, daar raak dit werklik ons as burgers van sy Ryk, waar God sy sake voor ons neersit…

Sy Naam, sy Koninkryk, sy wil, God maak sy sake nou deel van ons sake, nou kan ons weer in oorleg met die lewende verbond, ons sake God se sake maak. Ons brood, ons skulde, ons versoening. Al hierdie dringende node wat daar by ons is, kan ons ook voor God neerlê, en God sal na ons luister. God se sake staan natuurlik eerste en dan volg ons node.

***

Soos die Wet van die Here ons leer, so sien ons ’n samehang ook met die gebed. Tussen God se gebooie en ons gebede moet ons altyd ’n verband kan lê, want die eerste drie gebooie van God se Wet stel ook vir God Self sentraal. Ek mag geen ander god dien as net die ware God nie, ek mag van hierdie ware God geen beeld maak nie, en ek moet God se Naam heilig. Dit eis die Wet van ons. God se Naam en God se dag stel werklik vir God in alles sentraal, en die gebed doen dit nie anders as God se gebooie nie. God gee hierin ook ’n heilige orde, selfs ’n heilige volgorde.

***

Tog het ons reeds erken hoe dit al moeiliker vir ons word om die Here se Naam te heilig. Wanneer Johannes in Openbaring dit sien dan sien Hy die volgende seëls oopbreek, en daar breek ’n rooi perd uit, die perd van oorlog en rewolusie, daar breek ’n swart perd uit, die perd van honger en pes, en die vaal perd dra nie verniet die kleur van die dood nie. Baie van dit wat die perde hulleself teen te pletter loop dra reeds die kleur van die dood. Nou word die vyfde seël oopgebreek, ná hierdie vier perde, en spesifiek word daar in die vyfde seël, ’n visioen van kerkvervolging sigbaar. Vir die kerk van die Here beteken dit nuwe moeilikheid, maar tog staan hierdie moeilikheid ook in diens van Christus. Die kerk sal al hierdie verskrikkinge in haar eie boesem moet dra, totdat die getal vol geword het, en daarom word die oordeel ook uitgestel, dat die tyd kan kom om volledig in God se genade bly te wees. Dit is die vyfde seël, maar wanneer ons bid dat God sy Naam mag heilig, dan bid ons in die besef van daar is ook ’n sesde seël wat gebreek gaan word. Die kerk is in die vyfde seël , die wêreld is in die sesde seël . Die sesde seel dra die wêreld en die chaos daarvan waar geen mens dit eintlik kan beskryf nie.

Die wêreld versink in die sesde seël, maar weet u broeder en suster, wat het hierdie eerste ses seëls gemeenskaplik so merkwaardig gemaak. Hierdie seëls is gebring en gebreek op grond van hemelse en aardse gebede. Gesamentlike gebede gee as’t ware die energie waar dit alles loskom en uitbreek op die geroep van engele en gelowiges tesame. By die openbaring van elke nuwe oordeel, dan roep die engele dit eers weer uit waaroor ons vandag handel- *Heilig is die Here God-* En ook die ouderlinge van die Here se kerk

bring by elk van die nuwe katastrofes ook nog eers weer eer aan God. Die God soos die ouderlinge dit besing wat dit waardig is om te ontvang- heerlikheid, eer en krag.

***

Dit is asof dit dwarsdeur die geskiedenis ons moet opval. Engele en mense bid saam en wanneer hierdie gebede so saamgevoeg word dan is die groot tema wat al hierdie gebede inlei en saamvat presies dit waarmee ons vandag besig is- *Laat U Naam geheilig word…* Maar voordat ons in Openbaring kan afstap, broeder en suster, is daar die sewende seël wat ook moet oop. Wat gebeur dan? Iets so groot! Daar kom in die hemele van alle plekke 'n halfuur stilte. En weet u wat dit so aangrypend maak, die engele kry nie 'n woord gesê nie, want wat hulle nou moet aanskou is so oorweldigend dat dit hulle stom laat, want wat sien hulle, broeder en suster?! Hulle sien 'n engel wat van die reukofferaltaar vuur op die aarde gooi. En dit laat hulle stom want lees ons hierdie vuur is die gebede van God se kerk.

Dit gaan gepaard met vuur en donderslae en weerligte, die aarde bewe, God se laaste gerig het begin. Die hemel kry nie gepraat nie, die hemel hou haar hart vas, kan ons maar sê, maar weet u wat maak dit so besonders? As die engele nie meer gepraat kry nie, dan gaan die mens die engele verby. God het in die hart van sy kinders die ewige Rotssteen gelê, en mense wat nog altyd swakker as die engele gelyk het, dit is dan hulle wat bid – *Laat U Naam geheilig word-* Heilig, heilig, heilig is die Here… Wanneer dit op die uiterste gebed aankom, want ons het mos reeds erken, dit gaan vir ons al hoe moeiliker word, watter troos om te weet daar sal dan nog altyd mense wees wat kan bid.

***

Ons het dit so nodig dat God ons in ons gebede moet sterk, dat God dit wat vir ons so onmoontlik lyk, tog moontlik moet maak. As die engele nie meer kan bid nie, dan kan die kerk nog met haar gebede volhard, en elke lid van die kerk sal met volle instemming hierdie lof sy eie maak. Die realiteite van so baie dinge op hierdie aarde is besig om ons baie hard te slaan , maar ons staan by die begin van wat hemel en aarde, engele en mense nie van kan loskom nie, God se heiligheid. Laat ons in tye van voorspoed en swaarkry tog net dieselfde sal bly bid dat die Here se Naam geheilig mag word. Dit is waaroor dit alles moet gaan.

Die grootste, die allergrootste faktor, wat ons hele wêreldgeskiedenis moet rig en lei, en wat die begin en einde van alle bewegende kragte op hierdie aardbol is, is die gebed om die heiliging van God se Naam. Hierdeur, broeder en suster, word die wêreldgeskiedenis bepaal.

***

Om God se Naam te ontheilig, daar het ons in die Here se Woord baie voorbeelde daarvan. Heilig wat eintlik beteken om iets eenkant te plaas, jy stel dit apart want jy wil jou nou net daarop toespits. Die goddeloosheid en die boosheid van hierdie wêreld moet daar in wat heilig is nie kan inkom nie. As die boosheid of die eie wil van die mens inkom en eintlik so inwerk dat God nie toegelaat word om te wees wat Hy is nie, nl. Hy is God- HY IS WAT HY IS- dan sal God hierdie ernstige daad van die mens, die ontheiliging van Hy Wie God is, nie ongestraf laat bly nie.

Dink maar toe Israel daar in hulle woestynreis by Kades baie dors geword het. Die Here het toe aan Moses en Aäron dit opgedra om daar met die rots te praat en dan sal daar water uit die rots vloei. Moses het toe nie net met die rots gepraat nie, maar hy het ook op die rots geslaan. Daar kom toe nog steeds baie water uit, maar die Here was vertoorn teenoor Moses- want lees ons presies waaroor dit in hierdie eerste bede van die Onse Vader ook oor gaan- juis wat Moses nie gedoen het nie- Num.20:12: *Toe sê die HERE vir Moses en Aäron: Omdat julle in My nie geglo het <u>om My voor die oë van die kinders van Israel te heilig nie</u>, daarom sal julle hierdie vergadering nie in die land inbring wat Ek aan hulle gegee het nie.* Die kern van om God te heilig is dat jy mens God, God moet laat wees, ook voor ander mense. Om God ook in sy goddelike heiligheid te erken as Hy vir jou opdragte gee. Jy moet so aan God toegewy wees dat jy jou volle aandag aan God kan gee en dat God al die eer moet kry vir wat God doen. Moet nie op die rots slaan waarmee jy moes gepraat het nie, want so skend jy God se heiligheid.

Dit het die seuns van Aäron, Nadab en Abihu in Lev. 10 sou uitvind, toe hulle vreemde vuur op God se altaar geplaas het. God het hulle deur weerlig gedood en het hulle voor die aangesig van God gesterwe. Dit gaan eintlik maar heeltyd om dieselfde feit wat

Moses heel aan die begin van sy roeping moes hoor- *Trek uit die skoene aan jou voete, want die grond waarop jy staan is heilige grond.* God is en bly die hoë en heilige God aan Wie alleen alle lof en aanbidding toekom. Dit is waarom Christus in die volmaakte gebed dit dadelik eerste stel dat God se Naam geheilig moet word.

Ons moet God ken, herken, erken, ja dit is nie maar kennis omdat ek nuuskierig is oor God nie, maar *geloofs*kennis dat God in die praktyk van my lewe, ja elke oomblik van my lewe geheilig mag word. Dit is die saak wat in ons harte moet lewe, dat as God die groot skatte van Sy verbond vir u ontsluit dan wil ek waarlik erken die dinge wat Hy in my lewe doen en watter betekenis het dit vir ons in ons lewens. Hierdie eerste deel van die Onse Vader is eintlik besig om jou tot oorgawe aan God te dwing. Jy wil oorgee want Wie kan ek meer vertrou as God.

***

Ons belydenis rondom hierdie eerste bede is so gevul met die heerlikheid van God dat dit aanvanklik mag klink of ons belydenis oor haar woorde struikel. Dit gaan om God se almag, sy wysheid, sy goedheid, sy geregtigheid, sy barmhartigheid, sy waarheid. Tog sien ons hier is alles behalwe maar net ’n opstapeling van God se deugde en werke, maar as ek God reg ken moet ek Hom ook as Heilige eer.

Dan staan die eerste drie dinge saam. God se almag, sy wysheid en sy goedheid, dit hoort bymekaar, want dit sien alles op die almagtige God se skeppingswerk. Watter geweldige kragte lê daar in ’n enkele atoom opgesluit, onmeetbaar, dit kan die wêreld in stukke skiet…. Tog mag ek bid- *laat U Naam* (ook hierin) *geheilig word.* Laat ons die samestelling van die atoom raaksien as wyse waarop ons u krag ken, herken en erken. Die God wat die atoom gebou het, het ook die spinnekop sy draadjie kon laat weef, maar dieselfde God het die olifant en die kameelperd gemaak wat jou laat klein lyk as jy daar langsaan gaan staan. Ja dit gaan werklik om wat ons Kategismus hier bely- **laat ons U heilig, roem en prys in al u werke, waarin u almag, wysheid en goedheid…**uitstaan. Maar die almag, wysheid en goedheid van dieselfde God Wie se Naam geheilig moet word, ons bid ook dat sy geregtigheid en barmhartigheid en waarheid so sal skitter. Die woord “***skitter*** “ word in al ons belydenisskrifte net op hierdie een plek gebruik. Ons

besef dat God se Naam nie net in die skepping uitstaan nie, maar in ons geskiedenis ook moet skitter. Die son skyn en niks laat die lig van die son verswak nie, maar tog is daar wolke wat tussen ons in die lig van die son kan inbeweeg wat dit laat lyk of die son swakker skyn. Ons gebed is dat hierdie wolke wat die wêreld gee mee ontheilig weggeneem mag word.

Mag God wat hierdie wêreld na sy einde lei, ook in geregtigheid, barmhartigheid en waarheid in die gebeure van elke dag geheilig word. Die goddelose en demoniese kragte mag dit verswak, mag die leiers wat u so tart, mag hulle verkwyn, mag U tog U barmhartigheid vir ons gee, omdat U deur al die eeue U kerk deur U groot barmhartigheid nog altyd gered en bewaar het. U het nog altyd u waarheid oor die leuens van mense laat triomfeer. Dit alles is ingesluit- wanneer ons bid- *laat U Naam geheilig word…*Ons bid eintlik dat die einde ook mag kom, letterlik bid ons dat die nuwe Jerusalem met haar goue strate en poorte van pêrels werklikheid mag word, 'n al hoe groter werklikheid, want het ons mos reeds gewys dat ons ook bid dat al die seëls in Openbaring wat oopgebreek word, dat hulle wat teen U is, nou finaal gebreek die dieptes mag ingaan, terwyl ons gebede bly opgaan. Ons weet ons gebed is in alle geval by Hom, die Ruiter wat reeds oorwinnend die wit perd uitry.

Daarom sluit hierdie eerste bede af met wat God ons ook moet gee- **Gee verder dat ons ons hele lewe, gedagtes, woorde en werke daarop sal rig dat U Naam om ons ontwil nie gelaster nie maar geëer en geprys word.** Hiermee erken ons en dit bely ons ook dat ons in staat is om God te ontheilig. Ons is in staat om God te laster, en dit ook met ons hele lewe. Ons gedagtes, woorde en werke laat ons skaam word. Ook in die alledaagse dinge, mag ons vir Christus 'n brief wees. In 2 Kor. 3 is dit dan ook wat die Here deur Paulus aan ons skrywe- *Julle is ons brief, geskrywe in ons harte, geken en gelees deur alle mense; omdat julle duidelik 'n brief van Christus is deur ons diens berei, geskrywe nie met ink nie, maar met die Gees van die lewende God; nie op kliptafels nie, maar op die vleestafels van die hart.*

Is dit wat mense in u lewe kan lees, werklik ’n brief van Christus vir die wêreld?! U lewe, u lewensboek word gelees, en wanneer andere in u lewe verkeerde dinge lees, dan word die Here gelaster. En dit omdat ek nie die ink van die Gees en die Woord van God my woorde en sinne wil maak nie. Ons lewe almal in huise van glas, en dit maak soveel te meer dat ’n mens se lewe hier met ’n pyl en boog vergelyk kan word. Om ’n pyl te skiet moet dit eers reg op die boog geskik word en vandaar word dit dan geskiet. Die Kategismus gebruik in die ouer vertalings dan juis hierdie twee woorde- nie maar net die woord ***“rig”*** soos die nuutste vertaling nie, maar word daar gevra dat die Here my lewe so sal ***“skik en rig”*** dat God se Naam deur ons geprys sal word. In werklikheid vra ons die Here dan met die gebed dat my lewe soos ’n pyl uit sy stywe snare sal losskiet, gespan en reeds geskik en dit net na een teiken- DIE EER VAN GOD- Dit is wat dit beteken om te bid- *Laat U Naam geheilig word…*

AMEN

Vrae uit Sondag 47

1. Wat het Jesaja by sy roeping gesien?
2. Wat is die indruk wat dit op ons moet maak?
3. Hoeveel male word God heilig genoem? Wat is die bedoeling daarmee?
4. Hoe het Jesaja sy belewing verwoord?
5. Waarom is dit so nodig dat ons God moet ken?
6. Wat is die twee “boeke” waaruit jy God kan ken. Vgl. Art. 2 NGB
7. Noem die ses dinge wat die Kategismus ons hier van God leer en wat in die eerste bede vir ons moet uitstaan?
8. Hoeveel kere word hier vir die Here gevra dat Hy iets vir ons sal GEE? Wat moet ons hieruit aflei?
9. Wat is die primêre dinge wat God ons moet gee waardeur ek dan God se Naam sal kan heilig?
10. Motiveer waarom ons mag aflei dat dit eintlik vir ons al hoe moeiliker word om God se Naam te heilig? Watter gedeelte in die Here se Woord dui ook hierop?
11. Gee kortliks ’n verduideliking van die opbou van hierdie volmaakte gebed? Wat is die dinge wat ons in opbou moet tref?
12. Word daar net op die aarde om die heiliging van God se Naam gebid? (Vgl p.5)
13. Wie is die Ruiter op die wit perd in Op.6? Wat beteken die ander perde?
14. Wat het gebeur kort voor die breek van die sewende seël in Openbaring 8?
15. Wat moet die verband wees tussen die Here se gebooie en ons gebede?
16. Hoekom word die gebed om die heiliging van God se Naam as kragtig uitgeken? (Vgl. p.6)
17. Noem voorbeelde waar mense God se Naam ontheilig het? Beskryf dit veral in die geval van Moses.
18. As jy ’n atoom bestudeer wat moet jy ook hierin raaksien?
19. Hoeveel keer kom die woord “skitter” in ons belydenisskrifte voor?

20. Waarom bid ons dat God se Naam ook in ons geskiedenis moet skitter?
21. Op watter wyse het Paulus na die kinders van die Here in 2 Kor. 3 na verwys?
22. Op wat moet ons gebede geskik en gerig wees?